



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

6 April 2022
Nuusbrief No 11

Liewe Ouers,

Baie welkom terug vir die Tweede Kwartaal van 2022! Ons glo en vertrou dat u uitgerus het en dat u gereed is vir 'n opwindende kwartaal. Ons kan sien dat die kleintjies die vakansie geniet het, maar bly is dat die normale roetine weer gevolg word.

Ons vra ook dan op daardie noot dat die kinders asseblief nie meer SPEELGOED sal skool toe bring nie. Dit was net 'n vergunning vir die VAKANSIESKOOI. Nou stimuleer ons weer die kinders ten volle en vra dat die speelgoed asseblief tuis sal bly.

Baie dankie aan die Juffrouens en Studentjuffrouens wat die Vakansieskool behartig het en hul eie vakansies onderbreek het en diens gedoen het by die Vakansieskool.

Baie welkom aan die nuwe ouers en kinders wat gister by ons aangesluit het. Ons glo en vertrou dat julle vinnig julle Parkievoete sal vind en spoedig deel sal voel van ons Parkiefamilie!

~ Riekie ♥

Oueraand: Donderdag 7 April 2022: 17:00 tot 18:50

- Indien u met u kleuter se onderwyseres in gesprek wil tree rakende u kleuter se eerste vorderingsverslag, moet u asseblief 'n tyd boek op die lyste wat in die ingangsportaal opgeplak is.
- Die personeel sal ook laat weet indien hulle dalk 'n afspraak met u wil boek.
- Vanweë die groot hoeveelheid ouers, is afspraak tot **10 minute beperk en vra ons mooi dat ouers by hierdie tye sal hou. Moet asseblief nie in ander ouers se tyd inbeweeg nie, dit maak die Juffrou laat met haar skedule**. Indien langer gesprekke nodig geag word, sal die klasonderwyseres 'n addisionele afspraak met u maak.

Ekstra klere:

- Onthou asseblief om ekstra klere skool toe te stuur.
- Dit gebeur dat 'n kleutertjie skoon onderklere benodig en dan is daar nie in die laaitjie nie.
- Een van die dae is die gras ook soggens nat gedou en dan raak die klere soms nat.
- Met die kouer weer soggens sal dit wys wees om 'n ligte baadjie in die laaitjies te bêre. Plaas dit in 'n gemerkte Ziplock sakkie en plaas dit in u kind se laaitjie.

Kwartaalbeplanners:

- U ontvang in die week nog die Tweede Kwartaal se kwartaalbeplanner.
- Hoewel ons Ouma- en Oupadag funksie eers in die derde kwartaal plaasvind, gee ons nou reeds die beplande datum vir u deur, sodat u vir Ouma en Oupa kan voorberei.
- Dié beplande datum is **Vrydag 2 September 2022**.

Bybelse ete: Donderdag 14 April 2022: Gr 00, Gr 000 en 2-3 Jariges:

- U sal op die Kwartaalbeplanner sien die Bybelse ete word vir **14 April** beplan.
- Trek asseblief vir u kleuter "**Bybelse klere**" aan - 'n oorgroot t-hemp en serp of kopdoek sal goed werk. Neem asseblief hieraan deel sodat u kleuter deel van die groep voel.
- Ons vra dat u kleuter iets te ete of te drinke vir sy/haar klas sal bring. Nie te veel nie asseblief. Elke bietjie maak baie.
- Items soos neut, dadels, droë vrugte, granate, broodjies, heuning, vrugte, druiwesap en koue vleis sal in orde wees. **LET ASSEBLIEF DAAROP DAT ONS KINDERS IN DIE SKOOL HET MET NEUT- EN GRONDBOONTJIE ALLERGIEË. VERPAK DIT IN APARTE VERSEËLDE HOERS ASSEBLIEF.**
- Plaas asseblief die voedsel in **weggoibare houers** sodat ons nie hoef te bekommer dat elke Mamma haar glasbak of plastiekhouer terug kry nie. Lig asseblief die juffrou in indien u kleuter allergies is vir sekere kosse.
- Ons dek 'n tafel en die kinders hou 'n Bybelse feesmaal.
- Moet asseblief nie vol kosblikke pak nie, pak net 'n ligte verversing in indien u kind dalk nie van die "Bybelse kos" wil eet nie.

Vakansiedae:

- Ons herinner u net aan die vakansiedae waartydens Parkieland gesluit sal wees.

| | | |
|------------|-----------|----------------------|
| Vrydag: | 15 April: | Goeie Vrydag |
| Maandag: | 18 April: | Gesinsdag |
| Woensdag: | 27 April | Vryheidsdag |
| Sondag: | 1 Mei: | Werkersdag |
| Maandag: | 2 Mei: | Publieke vakansiedag |
| Donderdag: | 16 Junie: | Jeugdag |
| Vrydag: | 17 Junie: | Skoolvakansiedag |

Covid: Nuwe direktiewe:

- Kyk asseblief op die Laerskool se nuusbrieff vir die veranderde direktiewe.
- Vir die kleuterskool beteken dit kortweg u kan u kind self by die klas afgee en weer in die middag kom haal en temperatuur-skandering val weg.
- Onthou asseblief dat geen klas betree mag word **SONDER 'N MASKER NIE**.
- Ons vra dat ouers die kinders sal afgee en groet. Moenie die groetery uitrek nie, laat u kind weet wat die roetine elke dag is: "Groet en Gaan." Hoe langer u bly draai, hoe meer onseker raak die kinders. Juffrou het ook sekere take in die oggend om af te handel voor klastyd formeel begin, respekteer asseblief ook hierdie tyd.
- **ONS WIL OOK ONDER U AANDAG BRING DAT ONS BELEID STEEDS VAN TOEPASSING IS DAT KINDERS MET 'N AANSTEEKLIKE SIEKTE OF KOORS NIE SKOOL MAG BYWOON NIE. 'N KIND WAT OP ANTIBIOTIKA IS MAG OOK NIE VIR TWEE DAE SKOOL BYWOON NIE.**

Gedagte vir die week:

Raad van 'n heuningby:

"Create a buzz, sip life's sweet moments, work together, always find your way home, stick close to your honey and... Bee yourself!"

♥PARKIELAND♥GEE♥OM♥VIR♥MEKAAR♥

Vriendelike Parkieland-groete.

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



P Passie vir kinders

A Anker in God

R Regverdigheid

K Kindwees

I Individualiteit

E Eiewaarde

L Liefde

A Andersheid

N Nederigheid

D Doel van die lewe

